# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

## 2024 Bedieningstema
## Toegewyd aan God;
## Diensbaar aan mekaar en aan die wêreld.

**14 April 2024**

### 09:30 OGGENDEREDIENS:
### Ds. Piet Venter

Die boek openbaring is inderdaad ‘n unieke boek in die Bybel en die Here het dit met opset as die laaste boek in die Bybel geplaas. Die boek is in die eerste plek ‘n profesie. Met ander woorde dit openbaar wat God in die toekoms met die wêreld en sy mense gaan doen! Dit handel oor dinge wat mense binne hulle lewenservaring ken en kan verstaan.

Maar Openbaring het tweedens ‘n unieke literêre eienskap: dit is ook ‘n apokaliptiese boek! Dit beteken dat God in die boek dieper dinge openbaar as wat die mens ken en verstaan. Dit gaan oor bonatuurlike gebeure wat die skrywer self nie altyd verstaan nie en daarom gebruik maak van beelde, metafore, getalle en gebeure om sy boodskap oor te dra. Hiermee openbaar God wat besig is om agter die skerms van die wêreldgeskiedenis te gebeur en hoe Hy ook daar regeer.

Derdens is Openbaring ook ‘n gewone brief, geskrywe aan 7 werklike gemeentes in Klein-Asië waar gewone gelowiges geleef het midde ‘n wêreld wat besig was om hulle te oorweldig! As brief is Openbaring geanker in die werklikheid van mense se lewens om hier en nou vir elkeen wat in Christus glo hoop en troos te gee!

Johannes beklemtoon hierdie feit in Hf 1: 9 waar hy homself identifiseer met die lidmate van die sewe gemeentes, maar ook met elkeen van ons vandag! En daar sê hy eintlik waaroor die hele boek gaan! Dit gaan oor 3 dinge:

1. Die verdrukking - die werklikheid van die stryd waarin gelowiges elke dag staan.
2. Die koninkryk - die werklikheid van God se regering oor alles in die geskiedenis en agter die geskiedenis! Christus regeer en sy regering stuur af op die finale oorwinning met die Wederkoms.
3. Die volharding - dit is die doel van die boek: om gelowiges te bemoedig om nie bang te wees en moed te verloor nie, maar met die oog op Christus te volhard in die geloof tot die einde toe!

**Tema: Christus is in beheer - ook oor sy kerk - moenie bang wees nie!**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Ps 95-1: 1, 2; Lied 190: 1, 2, 3; Ps 97-1: 1, 7

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 99-2: 1, 2; Votum; Seën; Loflied Ps 47-1: 1, 4;  Geloofsbelydenis: 12 Artikels

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Eksodus 20 ; Sing Ps 138-1: 1 ; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Openbaring 1 : 1 - 20
Teksverse: Open. 1 : 17 - 20
Sing Lied 428: 4 (Kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Sing: Sb 1-2: 1, 2, 3 (staande); Bevestiging van ouderling; Sing Ps 20-1: 2; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

Chris Storm word tydens die erediens bevestig as ouderling. Die kerkraad hou br Leonard Haasbroek aan die gemeente voor vir goedkeuring om as ouderling te dien.

**GROEPBEDIENING**
Soos gereël in groepe.

## 🙏April 2024🙏

*Psalm 127:3 "Seuns is geskenke van die Here, kinders word deur Hom gegee*"

Ons bid vir ons kinders die volgende:

- Dat hulle die **vreugde** van 'n persoonlike verhouding met God sal ken:
  - ❖ die vreugde van daaglikse kommunikasie met die Here
  - ❖ die vreugde om God deur Sy Woord te ken
  - ❖ die vreugde om elke dag, God se teenwoordigheid te ervaar
  - ❖ die vreugde om God se doel en rigting te besef en om daardie roeping te volg en te gehoorsaam
  - ❖ die vreugde om Jesus te aanbid in elke aspek van hul lewe.

- Dat hulle ook 'n gesindheid van diensbaarheid sal hê:
  - ❖ Om ander te dien (in die huisgesin en skool/omgewing)
  - ❖ Om hul lewensmaat eendag te ondersteun en te dien
  - ❖ Om te dien in die gemeente
  - ❖ Om te dien in die gemeenskap en samelewing

*Mat. 20:26 "Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees".*

- Ons bid ook vir ons kinders om deur moeilike tye staande te kan bly:

*Hand. 14: 22 "Ons sal eers deur baie verdrukking moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom"*

- Bid dat ons kinders mag groei in wysheid:

*Luk. 2:52 "En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem"*
*Ps. 1: 1-3 "Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak"*

- Bid dat ons kinders vol sal wees van die vrug van die Gees: **liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing**.

*Gal. 5:22*

Ons as gemeente wil elke verbondskind opdra aan die sorg en liefde van die Here deur ons gesigsuitdrukkings, woorde, dade en ons lewe!

- ✓ Ons gemeente het 'n gebedsgroep wat elke Sondagoggend voor die erediens om 09:00 saambid in ELIM. – Wil jy nie oorweeg om by ons aan te sluit nie? Jy is baie welkom om saam met ons te kom bid! 🙏

## MEELEWING

- Elsie Buijs se rugoperasie het goed afgeloop en sy sterk mooi aan.
- Elbie Swanepoel se broer is Dinsdagaand in ‘n motorongeluk oorlede. Sy en Wessel Heyns sou gister in die huwelik getree het. Ons bid hulle die troos van die Here toe.
- Marie Oosthuizen se toetsuitslae het hierdie week ongelukkig getoon dat die kanker na haar lewer versprei het. Ons bid haar, Orrie en Jan-Ernst die krag, bystand en leiding van die Here toe.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetzee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annatjie Vermeulen, Rita Schutte, Marianna du Plessis en Andries du Plessis.

## BAIE GELUK

- Anja Coetsee het verloof geraak aan Luhan Dreyer. Baie geluk aan hulle twee, sowel as Eddie en Ansa.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie les 9
Tee en koffie
Groepbediening

**Maandag**
18:30 Bedieningsdiensgroep

**Dinsdag**
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie gr 8 - 10
18:00 Groepsusters

**Woensdag**
10:00 Amandelbloeisels
18:00 Katkisasie gr 11

**Vrydag**
Jeugaand - sien berig oor tye vir verskillende groepe.

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Kerkblad (Klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir GKSA: Sustentasie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 8.

## GEMEENTELIKE STATISTIEK

Met die opname wat pas gemaak is van ons gemeente se getalle lyk die prentjie so:
Belydende lidmate: 452
Dooplidmate: 123
Totaal: 575
Aantal gesinne: 183
Aantal besoeke punte: 294
Ouderlinge 22 en Diakens 15.
Groepe (wyke) 33 waarvan 9 vakant is.
Ons is die Here dankbaar vir elke lidmaat en mag ons gemeentelike bediening van so aard wees dat niemand ooit net soos ‘n nommer in die gemeente voel nie.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Maandag, 15 April**
Sr Chanelle v As

**Dinsdag, 16 April**
Sr Annatjie Duvenage *
Sr Yvonne vd Berg

**Woensdag, 17 April**
Br Marc Hansen
Sr Riekie Schutte *

**Donderdag, 18 April**
Sr Griet du Preez *
Jbr Johan v Jaarsveld

**Saterdag, 20 April**
Sr Magda Huisman
Br Paul Smit

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

**VRYDAGAAND IS JEUGAAND!**
**KOM KUIER SAAM!**



Ons sien baie uit na volgende Vrydagaand se jeugbyeenkomste! Ons gaan bietjie gesels oor die invloed van sosiale media op ons jongmense se geestelike en emosionele lewe en hulle toerus hoe om hierdie groot impak op hulle lewe te hanteer. Die Gr 1 - 3 gaan op eenvoudige wyse gesels oor hoe hulle TV-stories en die invloed daarvan kan hanteer!

Ons wil ouers daarop wys dat ons die Gr 7 tieners voortaan saam met die Gr 8 - 11 gaan laat deelneem - let dus mooi op die indeling van die tye!
**Gr 1- 6: 16:00 tot 18:00**
**Gr 7-12: 18:00 tot 20:00**
**EN natuurlik gaan daar ook net lekker gekuier en gespeel word.**

**AMANDELBLOEISELS**

Al die Amandelbloeisels, senior lidmate en ander belangstellendes word vriendelik uitgenooi na die byeenkoms op Woensdag, 17 April om 10:00 in die Skuur.
Ons gasspreker, al die pad van Vanderbijlpark, is Naomi Keyter 'n deeltydse navorser en skrywer, asook lid van die Vaaldriehoektak van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika. Sy het ook al in die TV-program, Kwela verskyn waar Hannes van Wyk 'n onderhoud met haar gevoer het. Haar interessante tema is MISDAADGENEALOGIE IN SUID-AFRIKA .
Bring jou bure en vriende saam en kom luister na alles wat sy uit die argiewe kon opdiep.

**GKSA-NUUS**


Beroepe ontvang
- Ds RA (Ronald) Bain van GK Oranjerivier na GK Naboomspruit.
- Ds JL (Jan-Louis) Lee van GK Brits na GK Magol (Ellisras).
- Ds R (Ruan) Steyn van GK Tsumeb (Oshakati) (Namibië) na GK Middelburg (Mpumalanga)
- Ds EA (Erasmus) Venter van GK Okahandja (Namibië) na GK Buffeldoorns

Beroepe bedank
- Ds R (Reinhart) Boersema van GK Vryburg na GK Vryheid

**SOSIALE MEDIA**

**WhatsApp:** 067 713 2332
**Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers
**Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!**





# SUSTERS

2 KOR. 7:1 "... LAAT ONS ONS DAN REINIG VAN ALLES WAT LIGGAAM EN GEES VERONTREINIG, EN ONS IN GEHOORSAAMHEID AAN GOD VOLKOME AAN HOM TOEWY."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID

Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.

Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Christelle Vorster en groep 2, Ria Robberts en groep 10, Marna Naudé en groep 19, asook Lana Laufs en groep 28.

## BLIKKIES-WARMHARTE & SUSTERSBYDRAE

- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.
- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KWARTAALPROGRAM

| TWEEDE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
| **16-Apr** | **Dinsdag** | **18:00** | **Groepsusters** | **Groepsustersvergadering** |
| 7 Mei | Dinsdag | 18:30 | A | Sustersamekoms |
| 02-Jun | Sondag | 18:00 | C | Ouderlingverversings |
| 09-Jun | Sondag | 12:00 | B | Nagmaalete |



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.

Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Student Pieter Deysel – 079 695 0027
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |